
Desember / December 2022

SSK

# wenakker

NUUSBRIEF • NEWSLETTER

Jesaja 9:5: "Hy word genoem: Wonderbare Raadgewer, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors".



Fotograaf: I'm Blessed Photography (Suzette Naudé) Seuntjie; Awie Erasmus (3jr oud), Riversdal

# KERSBOODSKAP 2022



Hoof Uitvoerende Beampte: Francois Swanepoel

2022 staan einde se kant toe en dit was verseker 'n uitdagende jaar, in baie opsigte. Dit was die eerste jaar wat weer as normaal "post covid" geklassifiseer kan word, maar ook 'n jaar wat gekenmerk was deur uitdagings in die internasionale voorsieningsketting. Net toe dinge begin lyk of dit terugkeer na normaal, breek die oorlog tussen Rusland en Oekraïne uit. SSK het ook baie hartseer beleef met die afsterwe van personeel, wat ons almal diep geraak het. Maar ten spyte van al die uitdagings kan ons steeds met groot dankbaarheid terugkyk en moet ons erken dat 2022 ook goed was vir SSK, sy personeel en ook sy lede.

Wanneer 'n jaar einde se kant toe staan, beteken dit ons nader Kersfees. Hierdie is 'n tyd waarna ons almal uitsien vir verskillende redes. Kleiner kindertjies sien veral uit na die geskenke wat hulle gaan ontvang. Baie van ons sien uit om 'n blaaskans te neem na 'n harde en 'n uitdagende jaar. Dit is ook 'n tyd van die jaar waar ons kwaliteit tyd saam met ons geliefdes kan spandeer.

Die heel belangrikste rede vir die uitsien na Kersfees, moet egter nie wees vir die bostaande redes nie. Kersfees moet in ons lewens belangrik wees, omdat dit vir ons die geleentheid gee om bietjie boeke te vat oor ons geestelike lewe. Ons kry tyd om bietjie stil te sit en te dink oor al die ongelooflike seëninge wat ons elke dag uit die Here se hand ontvang. Daarom moet ons ook Kersfees gebruik om tyd te maak om na te dink oor die grootste geskenk wat ons as mense ontvang het. Dit is die feit dat Jesus Christus aan die kruis gesterf het, sodat elkeen van ons die ewige lewe kan beërwe. Ek wil elkeen wat hier lees, uitnooi om bietjie te gaan stil sit tydens hierdie feestyd en na te dink oor hierdie ongelooflike daad wat vir jou verrig is en dan neem jy daardie geskenk met ope arms aan.

As Kersfees verby is, dan beteken dit 2022 is ook verby en ek wil sommer van hierdie geleentheid gebruik maak om vir al ons personeel dankie te sê. Ek weet elkeen van ons het ons kant gebring, ten spyte van al die uitdagings. Ek weet van al die opoffering deur SSK personeel, soms ten koste van families en daarom wil ek opreg dankie sê vir elkeen.

Ons wil ook vir al SSK se lede dankie sê. SSK het bestaansreg slegs vir een rede en dit is om ons lede tot diens te wees tot die beste van ons vermoë. Ons lede is die spil waarom SSK met al sy aktiwiteite draai. Ek wil ook spesiaal dankie sê vir die lojale ondersteuning wat ons elke jaar van u ontvang.

Ek wil ook ons opregte dank betuig teenoor ons Hemelse Vader wat ons deur nog 'n jaar gedra, behoed en bewaar het. Sy onverdiende goedheid en seën was weereens duidelik sigbaar in elkeen van ons se lewens gedurende die jaar.

Geseënde Kersfees vir elkeen van julle en ek bid elkeen ook 'n Voorspoedige nuwe jaar toe. Vir die wat op reis gaan, gedurende die vakansie, ry voorspoedig, rus goed uit en kuier lekker saam met julle hartsmense. Ons sien uit na 2023 wat ons glo, groot geleenthede vir SSK en sy lede gaan bied.

*- Francois Swanepoel*
*(Hoof Uitvoerende Beampte)*



# HENK DE BEER SE SPORE LOOP VER, WYD EN DIEP OOR SSK GROND



V.l.n.r: Henk, sy vrou Cindy, en hul dogters Nicola en Lana.

Henk de Beer, Hoofbestuurder: Bedrywe, tree einde Desember uit na 33 jaar diens. Dit is daarom bykans onmoontlik om in 'n paar sinne sy wesenlike bydrae tot SSK en sy gemeenskap neer te pen.

Dirk van Papendorp, SSK Voorsitter, verwoord dit so: "Ek sal Henk altyd onthou as SSK se eerste IT spesialis. Hy het daardie jare buiten sy werk as landbou-ekonoom ook rekenaars aan boere verkoop deur SSK en boonop self geïnstalleer ook. Ek het gevolglik my eerste rekenaar vir die plaas by Henk gekoop. Daardie tyd was rekenaars nog vreemde verskynsels op plase. Henk is sekerlik die persoon wat in sy loopbaan by SSK die meeste fasette van die besigheid bemeester het. Hy het hom behoorlik ingegrawe in elke afdeling en dan op sy stil manier met doelgemaakte oplossings vorendag gekom. Ek waardeer Henk se nugter uitkyk met probleemoplossings en die feit dat hy altyd kon raaksien dat elke saak twee kante het. Ons sal Henk se kalm, beredeneerde manier van dink en doen, mis. Hy was in my opinie "meneer SSK", omdat hy oor die jare die besigheid op die punte van sy vingers leer ken het. SSK se groei oor die afgelope 33 jaar is onlosmaaklik aan Henk verbind. Ons gun hom kwaliteit tyd saam met Cindy en hoop gewis hy is nie vir landbou verlore nie".

> "Landbou is sy passie en ek glo dit sal steeds wees."

Francois Swanepoel, SSK Hoof Uitvoerende Beampte: "Henk is net so sinoniem met SSK soos koring, gars en canola met die Suid-Kaap en gaan verseker baie gemis word. Henk het 'n kardinale rol gespeel om SSK te help groei na 'n landboubesigheid wat vandag een van die leier-figure in landbou in Suid-Afrika is. Een van Henk se uitstaande eienskappe is volgens my sy institusionele geheue. Henk onthou nie net wat gebeur het nie, hy kan die konteks en slaggate in 'n oogwink onthou, opsom en van toepassing maak op die huidige probleme. Daardie kennis en ondervinding vervang mens nie oornag nie. Ek wil graag namens SSK, sy bestuur, personeel, lede en die hele direksie vir Henk dankie sê vir sy ongelooflike bydrae. Hy gaan verseker baie gemis word".

Wilna van der Merwe, Persoonlike Assistent vir Hoofbestuur wat 33 jaar lank saam met Henk by SSK was: "Die toewyding waarmee hy al die jare sy beroep beoefen het, sy vaardighede in besluitneming, sy uitstekende leierskap, die diep spore wat hy in SSK geledere getrap het en die ekstra myl wat hy altyd bereid was om vir SSK te loop, sal personeel en lede, altyd bybly".

Erenst Pelser, SSK Hoof Uitvoerende Beampte (1998 -2021) voeg by: "As bestuurder van verskeie afdelings binne SSK het Henk hom onderskei as 'n persoon vir wie geen taak te groot en te moeilik was nie. Sy lojaliteit teenoor SSK sal my altyd bybly. Landbou is sy passie en ek glo dit sal steeds wees". Villiers van Veen, Hoofbestuurder: Finansies en Admin sê: "Henk se bydrae tot SSK op strategiese asook operasionele vlak is wesenlik. Sy fokus daarop om waarde toe te voeg asook volhoubare besluite te neem staan vir my uit - die impak hiervan sal vir nog baie lank by ons lede se boerderye, asook SSK, ervaar word. Dit is my voorreg om 11 jaar saam met hom te kon werk".

Henry Gale, Senior bestuurder: Graan beskryf Henk as volg: "Henk was vir sy personeel 'n goeie mentor, altyd koel en kalm in moeilike situasies. SSK en sy lede was sy trots en die impak wat hy gemaak het om die graanbedryf in die SSK-streek te stimuleer het grootliks bygedra tot SSK se groeiende sukses". André Burger, Senior bestuurder: Handel beaam dit en sê dat hy uitsien na baie ure langs die viswaters saam met Henk. Adam van Wyk, Senior bestuurder: Veevoer Vervaardiging sal Henk onthou as iemand wat sy werke vir hom laat praat het, 'n wyse man met 'n vlymskerp humorsin. Armandt Horne, Senior bestuurder: Meganisasie som dit laastens só op: "Henk se menswees, sjarme en omgee vir SSK en sy mense dwing respek in landboukringe af. Ek en menige kollegas kon aanklop by hom as klankbord. Henk laat 'n groot leemte, maar ook 'n nalantenskap wat sal voortleef by elkeen wat met hom paaie gekruis het".

Die Henk wat ons vir 33 jaar leer ken het is 'n voorvatter, 'n denker, 'n doener, 'n boer in sy hart, 'n soldaat, 'n man en pa wat kaalvoet deur die vuur sal stap vir sy mense. Hy is voorwaar geliefd. "Stil broers daar gaan 'n man verby"

*- Annelie van Wyk*

# PIETER MALAN

## Hoofbestuurder: Graandienste

### VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

Ek is gebore in Uitenhage in die Oos-Kaap maar het groot geword in Nigel, Gauteng. Ek en my vrou Elzabè is al byna 32 jaar gelukkig getroud en het 2 kinders, Jacques (30) en Mariska (27).

### WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?

Ek en Elzabè geniet dit om te reis, veral om die historiese gedeeltes van Europa te besoek, maar met Covid het die fokus verander en is "roadtrips' in Suid Afrika vir ons opwindend. Swellendam het 'n uitdagende Parkrun en is dit vir ons lekker om dit te doen en ook met die fietse die omgewing te verken.

### KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER


My lewe is landbou – Ek het by Afgri, (toe nog OTK) begin werk en was vir 17 jaar betrokke by die totale waardeketting. Daarna het ek 'n posisie aanvaar by Louis Dreyfuss Commodities, ('n internasionale verhandelings maatskappy) vir 4 jaar, waar ek baie geleer het rondom die verhandeling en verskansing van graan en oliesade. Ek was daarna tot en met 30 September 2022 vir 12 jaar in diens van Senwes, waarvan die laaste 7 jaar as Uitvoerende Bestuurder van Grainlink Bedrywe.

### GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE

Ek wil nie uitsonderings maak nie en sien my totale loopbaan as 'n prestasie. Gegewe dat alle prestasies nooit alleen bereik kan word nie, wil ek sommer hiermee erkenning gee aan almal wat deel was van my loopbaan tot dusver en meegedoen het aan wat ons gesamentlik bereik het.

### WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

Onlosmaaklik deel van die totale SSK span, met SSK wat 'n volhoubare besigheid is vir die toekoms: vir die lede, alle ander belanghebbendes, maar baie belangrik vir die personeel ook.



Elsabè en Pieter Malan

### WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?

Ek is bevoorreg om deur die jare baie goeie raad te kon ontvang uit verskeie oorde. Wat my bybly is Francois Strydom, Hoof Uitvoerende Beampte van Senwes wat vir my 'n geskenk gegee het met die volgende woorde daar by - " A ship is safe in harbour, but that is not what ships are built for". Daarmee saam gaan die raad dat 'n mens nie moet aanhou poog om omstandighede waaroor jy nie beheer het te probeer verander nie. Maak eerder seker dat dit waaroor jy wel beheer het, na die beste van jou vermoëns en met die beste inligting tot jou beskikking bestuur word. Sodoende lei jy ander in die regte rigting.

# SSK LANGDIENS ERKENNING

**30 JAAR:** Johan Stander **25 JAAR:** Hanno Laufs **20 JAAR:** Christopher Makok **10 JAAR:** Jonelle Fiet, Nico Malan

**15 JAAR:** Neilen Kortje, Chris Hufke, Emmerentia Murray, Sandiso Mdliwa, Derrick Rossouw, Gordon Fernol, en Cora de Beer.


**Andre van Wyk (links), Takbestuurder: Agriland Swellendam, wens Johan Stander, Senior Bemarker: Agriland Swellendam, geluk met 30 jaar diens.**


**Henry Gale (regs), Senior Bestuurder: Graan, wens Hanno Laufs, Bedryfsbestuurder: Graan Riversdal , geluk met 25 jaar diens.**


**Gerda Steenkamp, Senior Krediteure Beampte by Admin Swellendam, het in September 2022 na 33 jaar diens afgetree. Die lede en personeel mis haar!**

# DIE TUINROETE PELGRIMSTOG: SOLANK JY HOOP, SAL JY LOOP



**Michelle, Jimmy en Magdel Zondagh.**




**Adri van Rooyen van De Vlugt.**

Mense vertel dat daar aan die einde van 'n lang pad, 'n pot goud wag. Ek het op Die Pelgrimstog van Hoop: Tuinroete ontdek dat dit inderdaad waar is. Aan die einde van elke dag word die moeë pelgrims ingewag deur mense met oop harte en goue glimlagte.

Ds. Gert Nothnagel van die Herold NG-kerk gemeente, ongeveer in die middel van die SSK-streek, het meer as 'n jaar gelede 'n vergadering belê met boere op die agterpad vanaf Uniondale tot by Herold. Sy idee was 'n pelgrimstog met oornaggeriewe op plase langs die pad tussen Uniondale en Mosselbaai se ligtoring, geskoei op die Pelgrimstog van Hoop in die Wes-Kaap. Leon Jonck van Joncksrus vertel: "Dit het alles so wonderlik geklink, maar om eerlik te wees het ons gedink dit sal net 'n mooi droom van ons dominee bly". Op daardie stadium was die boere moedeloos, want die berugte 7-jaar droogte is selfs vandag nog nie gebreek in daardie streek nie. Die droom van dominee Nothnagel het toe inderdaad waar geword en boere wat optree as "herbergiers" het 'n nuwe passie ontdek. 'n Sterk netwerk van ongeveer 98% grondpad-stap en oorslaap op plase langs die pad is nou op die been. Elke dag sien boere uit na 'n nuwe groep avonturier-pelgrims wat by hulle tafels aansit vir boerekos en op hulle plase 'n welkome rusplek langs die lang pad kry. Die groot meerderheid van "herbergiers" is ook SSK-lede in die Langkloof, Klein-Karoo en Tuinroete en die SSK Agriland Uniondale-, Avontuur-, Noll-, Herold-, George- en Mosselbaai takke is op die pad. Almal ontvang pelgrims met hul harte en oop hande. Die leuse vir die tog kon net so goed "'n rusplek langs die pad met 'n roosterkoek in die hand" gewees het, want die boere is teen die tyd al letterlik en figuurlik gekonfyt!

Die Uniondale, NG-kerkgebou is in die laat 1800's gebou en dien deesdae ook as die beginpunt van die 240 km lange staptog. Hier kan pelgrims met styl wankelrige trappies opklim met die kerktoring wat uit 1908 dateer tot waar die reuse koper kerkklok hang. Stappers met kenmerkende rooi hoede word begelei deur die gebeier van dieselfde klok wanneer hulle begin stap deur die dorp met die ou Ossewapad langs tot by Avontuur, waar SSK-lid Jimmy Zondagh hulle op Belle-Vue inwag. Magdel en Michelle Zondagh ontvang pelgrims soos konings terwyl Jimmy graag vertel van die geskiedenis van Avontuur. Dis 'n warm dag en droog in die Langkloof toe ons daar aankom, met geen wolkie bo die Zondaghs Berg in sig nie. In 1906 het die Khoi die streek: "land van donderstorms" gedoop en die Portugese het dieselfde idee gehad toe hulle verwys het na die "land van omgekrapte weer". Ons pelgrims wens onwillekeurig dat die Langkloof sy naam gestand moet doen in die droogte wat orals heers. Jimmy vertel van die smalspoor trein, wat vanaf 1907 appels deur die Langkloof, Port Elizabeth toe vervoer het. Die trein word vandag in die volksmond die Appeltreintjie genoem, maar die naam was oorspronklik PEAR (PE –Avontuur Railway). Dié trein moes op Avontuur draai en vandag is daar 'n ou stoomlokomotief voor die SSK kantore en Agriland winkel, ter herinnering aan daardie tyd toe die treintjie nog geloop het.

Die epiese pelgrimstog loop oor verskeie passe in die Kammanassie- en Outeniquaberge met van tyd-tot-tyd vergesigte van die Swart-, Kouga- en Baviaansberge as stapgenoot. SSK-lede in die eerste deel van die staptog fokus veral op steen- en sagtevrugte - appels, pere, perskes, pruime en selfs vye is seisoentyd welkome padkos vir 'n moeë pelgrim.

Die Prins Alfredpas wat Thomas Bain in 1860 begin bou het, is 'n meesterstuk wat die natuurprag van die omgewing komplimenteer. Stappers stap op die tweede dag bergop en bergaf langs die Keurbooms- en Poortrivier wat die pas sewe keer kruis. Daar is verskeie watervalle langs die pad en vars, koue water is volop. Elke naam langs die pad vertel 'n storie: Kouewaterdraai, Tiekieliefiedraai, Die Kerf, Vlierdraai, Hangkrans en Tata Riet se gat. Afrikaanse name wat elke stapper laat wonder oor die oorsprong daarvan en laat terugverlang na vervloë dae. Aan die einde van 'n sielsverrykende dag-2 wag SSK-lid Adri van Rooyen die stappers in by De Vlugt. Haar Plaaskind Padstal is alombekend vir sy lekker koeke, vandaar die slagspreuk teen die winkelmuur: "Ons krag is in ons koeke". (Die "longdrop" buite is heel gepas gedoop die "Poef Doef").

Op dag 3 draai die pad weswaarts verby die Pietersrivier-area waar Katot Meyer graag vertel van John Burchell wat in die vroeë 1800's verskeie nuwe plant-spesies in die omgewing ontdek het. By Joncksrus vertel Leon Jonck van die dag in 1955 toe 'n ene Pierre Joubert se Vampire 225 oor die Kammanassieberge skielik sonder brandstof was en hy by Joncksrus in 'n koringland 'n noodlanding moes maak. Ons staan verstom as ons na die hoë berge rondom ons kyk en besef hoe naelskraap dit moes wees. Leon het ons die Saterdagmiddag laterig uit sy bakkie gegroet: "Is julle die vrouens wat vanaand so graag rugby wil kyk?" Helaas was dit die uwe wat vooraf hieroor verneem het en wat 'n skewe noot aan die staptog gegee het toe Wallis die aand die Springbokke 13-12 klop op Bloemfontein. Die gulle gasvryheid en gesels tot laataand om 'n groot vuur het darem ruim vir dié pakslae vergoed.

Die volgende oggend ligdag toe Leon al besig is met sy skape vat ons die 18 km pad Kykoe toe waar Tol en Judy Barnard met 'n smulmaal wag. Ons voel ruim versterk van liggaam en gees. Lank lewe die herbergiers in die SSK-streek!

*(Ons stap verder in 'n volgende uitgawe).*

*- Annelie van Wyk*




Agri Land SSK

# BUITELEWE

## Outdoors

1530400
**KAUFMANN**
Koelsak 6 Blik
R149⁹⁰ Elk

WINSKOPIE




**KAUFMANN**
Fles Met Handvatsel
Vlekvrye Staal 1.5ℓ
R379⁹⁰ Elk
00300920

**KAUFMANN**
Waterbottel met Sak 2ℓ
R189⁹⁰ Elk
00301220





**KAUFMANN**
Ketel Vlekvrye Staal 3ℓ
R249⁹⁰ Elk
00302068

**BUGGER OFF**
Sitronella Olie 2ℓ
R169⁹⁰ Elk
1516800




**ENERGIZER**
Lantern 1200 Lumens
R369⁹⁰ Elk
00301937




**ENERGIZER**
Koplig
400 – 1000 Lumens
R379⁹⁰ Elk
00302265







**ENERGIZER**
Batterye AA (12 Pak)
R99⁹⁰ Elk
00302074




**ENERGIZER**
Batterye AAA (12 Pak)
R99⁹⁰ Elk
00302075

**ABERDEEN** TEL: 049 846 0489 **ALBERTINIA** TEL: 028 735 1094 **AVONTUUR** TEL: 044 752 3004 **GEORGE** TEL: 044 801 4500 **HEIDELBERG** Tel: 028 514 8600
**HERBERTSDALE** TEL: 044 651 1676 **HEROLD** TEL: 044 888 1626 **KNYSNA** TEL: 044 382 3027 **KRAKEEL** TEL: 042 274 2201/16 **MISGUND** TEL: 042 275 1409/21
**MOSSEL BAY** TEL: 044 601 1200 **NOLL** TEL: 044 745 1277 **PLETTENBERG BAY** TEL: 044 533 0495 **RIVERSDALE** TEL: 028 713 2404 **ROBERTSON** Tel: 028 514 8684
**STILL BAY** TEL: 028 754 3520 **SWELLENDAM** (town) Tel: 028 514 8672 **SWELLENDAM** Tel: 028 514 8770 **TWEE RIVIERE** TEL: 042 273 1905 **UNIONDALE** TEL: 044 752 1217

**VISIT OUR WEBSITE AT WWW.SSK.CO.ZA** **FOLLOW US ON** SSK

**PRYSE GELDIG VANAF 25 NOVEMBER TOT 31 DESEMBER 2022 TERWYL VOORRAAD HOU. F & WU**

ONS BEHOU DIE REG VOOR OM HOEVEELHEDE TE BEPERK, FOTO'S MAG VAN WERKLIKE PRODUKTE VERSKIL. PROMOSIE GELDIG SOLANK VOORRAAD HOU. PRYSE SLUIT BTW IN. BESTUUR KAN NIE VERANTWOORDELIK GEHOU WORD VIR ENIGE VERANDERINGS OF DRUKFOUTE WAT MAG VOORKOM NIE. PRODUKTE WAT NIE IN VOORRAAD IS BY U NAASTE TAK NIE, IS BESKIKBAAR OP BESTELLING.

# DIE VROUENS VAN SSK IN AL HULLE GLORIE!

## Heidelberg 12 Oktober



Andrea Wessels en Rosa Uys



Retha van Papendorp en Marlene Swanepoel



Elsabe Gildenhuys en Karmen Gildenhuys

## Mosselbaai 13 Oktober



Melanie Honiball en Anette Pienaar



René Muller en Elise Swanich



Heleen van Deventer en Sulindi van Wyk

## Uniondale 14 Oktober



Malvena Carstens en Estelle Malan



Zelma Oosthuizen en Marlyn van Rensburg



V.l.n.r: Anniska van Rooyen, Lizel Jonker, Yolani Johnston en Sumi Zondagh

**Volgende jaar maak ons weer so in Swellendam, George en Joubertina en in 2024 in Riversdal, Knysna en Aberdeen.**

# HENDRIK PIENAAR GRAANDAG OP MOSSELBAAI



V.l.n.r: Hendrik en Johnnie Pienaar, Johann Muller en Francois Swanepoel.



CD du Toit aan die woord oor bewarings landbou.

# SSK MEGANISASIE




Meganisasie: Swellendam




## REËNVAL IN STREKE

| STREEK | AUG 2022 | SEPT 2022 | OKT 2022 |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 0 | 23 | 28 |
| Albertinia | 29 | 20 | 4 |
| Ashton | 28 | 7 | 8 |
| Avontuur | 86 | 34 | 28 |
| George | 33 | 33 | 55 |
| Heidelberg | 14 | 18 | 9 |
| Herold | 41 | 9 | 10 |
| Joubertina | 25 | 18 | 13 |
| Karringmelks | 25 | 7 | 8 |
| Knysna | 69 | 46 | 49 |
| Misgund | 124 | 40 | 33 |
| Mosselbaai | 33 | 21 | 26 |
| Protem | 44 | 9 | 28 |
| Plettenbergbaai | 66 | 27 | 52 |
| Riversdal | 14 | 21 | 14 |
| Swellendam | 52 | 12 | 7 |
| Uniondale | 41 | 35 | 8 |

**Geliewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.**

DER KELDERMEISTER

## TOP 10 WINES

1. Van Loveren Pinotage
2. Van Loveren Sauvignon Blanc
3. Jakkalsvlei Pink Moscato
4. ONE Red
5. Van Loveren River Red
6. Van Loveren Neil's Pick Colombar
7. ONE White
8. KWV Classic Sauvignon Blanc
9. Villiersdorp Hanepoot Jerepigo (Treintjiewyn)
10. Van Loveren Cabernet Sauvignon

Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: 044 601 1200 | annelie.vanwyk@ssk.co.za

Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com
Printing: Characters, George

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling, rekening- en transaksie inligting.
Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.

www.ssk.co.za